DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING

KENNISGEWING 871 VAN 2016

PUBLIKASIE VAN VERDUIDELIKENDE OPSOMMING VAN DIE WETSONTWERP OP KUBERMISDADE EN KUBERSEKERHEID, 2017

1. Kragtens reël 276(1)(b) van die Reëls van die Nasionale Vergadering word hiermee kennis gegee dat die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste beoog om die Wetsontwerp op Kubermisdade en Kubersekerheid, 2017 (die Wetsontwerp), eersdaags in die Nasionale Vergadering in te dien.

2. Die verduidelikende opsomming van die Wetsontwerp word hierby ooreenkomstig Reël 276(1)(c) van die Reëls van die Nasionale Vergadering gepubliseer.

3. Die Wetsontwerp beoog om —

(a) misdrywe te skep wat betrekking het op kubermisdaad en om strawwe voor te skryf;
(b) die verspreiding van databoodskappe wat kwaadwillig is te kriminaliseer en om vir tussentydse beskermingsbevele voorsiening te maak;
(c) jurisdiksie ten opsigte van kubermisdade verder te reël;
(d) die bevoegdhede om kubermisdade te ondersoek, verder te reël;
(e) aspekte met betrekking tot wedersydse bystand in verband met die ondersoek van kubermisdade verder te reël;
(f) voorsiening te maak vir die totstandbringing van 'n 24/7 Punt van Kontak;
(g) verder voorsiening te maak vir die bewys van sekere feite by wyse van beëdigde verklaring;
(h) verpligtinge op elektroniese kommunikasiediensverskaffers en finansiële instellings op te lê om mee te werk in die ondersoek van kubermisdaad en om kubermisdaad aan te meld;
(i) voorsiening te maak vir die totstandbringing van strukture om kubersekerheid en kapasiteitsontwikkeling te bevorder;
(j) die identifisering en verklaring van kritieke inligtings-infrastrukture en maatstawwe om kritieke inligtings-infrastrukture te beskerm, verder te reël;
(k) voorsiening te maak dat die Uitvoerende Gesag ooreenkomste met ander State mag aangaan om kubersekerheid te bevorder;
(l) die bepalings van sekere wette te herroep of te wysig; en
(m) voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

4. 'n Afskrif van die Wetsontwerp kan op die webtuistes van die Parlementêre Moniteringsgroep by http://www.pmg.org.za en die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling by www.justice.gov.za gevind word en, na indiening, ook verkry word van die Staatsdrukkers: Kaapstad (Telefoonnommer: (021) 465-7531).